

**Sondag 23 April**

**Skrifgedeelte: Handeling 4:8-12**

**Fokusgedeelte: Handeling 4:8**

**Geesvervulde: Nie selfverdediging nie, maar getuienis!**

Enkele weke tevore het Petrus voor die soldate en slawe in die hoëpriester se paleis teruggedeins, Jesus verloën. Nou staan hy voor die Joodse Raad om getuienis af te lê. Hy moet deur watter krag en in wie se naam hulle die verlamde man genees het. Gaan Petrus weer vou?

Dan hoor ons 'n foutlose en skerp, Skrifgebaseerde getuienis uit die mond van Petrus. Die loënaar preek onverskrokke: Jesus, wat julle gekruisig het, is deur God opgewek, en deur Hom het die man gesond geword. Met bewyse uit die Skrif wys hy hulle daarop dat hulle die hoeksteen, Jesus Christus, verwerp het. Slegs Christus bring verlossing en niemand meer nie.

Waarom die geweldige verandering?

Christus, wat waarlik deur die Heilige Gees gevul was, het sy belofte oor die Heilige Gees aan sy dissipels met Pinkster vervul. Petrus is nou vol van die Heilige Gees en daarom kon hy voor die Joodse Raad met soveel vrymoedigheid optree. Hy het die vervulling van die belofte van Christus belewe: “En wanneer hulle julle voor die sinagoges en die owerhede en maghebbers bring, moet julle nie bekommerd wees oor wat julle ter verdediging moet sê nie, want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat julle moet sê.”

As Nuwe-Testamentiese gelowiges wat in Christus ALLES ontvang het, moet ons onself biddend afvra: Watter getuienis hoor en sien 'n verlore-gaande wêreld? Geesvervuldheid of gewoon aardse getuienis?

*Sing: Psalm 145:10 (1936)*

*Ds. Simon Hibbert (Koster)*